higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N970**(A)**(N15)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

(1303115)

15 November2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil hê moet nagesien word nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Netheid, styl en 'n sistematiese uiteensetting van die feite word vereis. Waar moontlik moet antwoord puntsgewys, maar altyd in volsinne beantwoord word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Slegs 'n advokaat mag as staatsaanklaer namens die staat optree.

1.1.2 Pararegsgeleerdes kan slegs in 'n raadgewende hoedanigheid in sekere regsaangeleenthede optree.

1.1.3 'n Kommissaris is die voorsittende beampte in die hof vir klein eise.

1.1.4 Die prokureursorde beskerm die publiek teen uitbuiting deur prokureurs, byvoorbeeld teen die betaling van buitensporige konsultasiegeld.

1.1.5 Die Konstitusionele Hof is die hoogste reg van die republiek.

1.1.6 Om 'n dranklisensie te bekom, moet die applikant 18 jaar en ouer wees.

1.1.7 Die KVBA is 'n onafhanklike liggaam wat arbeidsverwante aangeleenthede behartig.

1.1.8 Dit is 'n algemene hofreël dat die verloorder die regskoste betaal.

1.1.9 Verstekvonnis beteken die hof gee uitspraak ten gunste van die eiser.

1.1.10 Geen getuie word vereis wanneer 'n samespannende ooreenkoms onderteken word nie.

1.1.11 Alle samespannende ooreenkomste moet op skrif wees.

1.1.12 'n Kodisil is bykomend by 'n bestaande testament.

1.1.13 Gewoontereg is oor die algemeen geskrewe reg.

1.1.14 Enige persoon mag as getuie op 'n testament teken.

1.1.15 Wanneer 'n insolvente persoon wil rehabiliteer, kan dit na een maand gedoen word.

(15 × 2) (30)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Hofbevel om maandelikse aftrekkings van 'n skuldenaar se salaris te maak	A	volmag
1.2.2	'n Erflating van 'n spesifieke bate of 'n spesifieke bedrag geld	B	besoldigingsbevel ('emoluments order')
1.2.3	'n Skriftelike magtiging om namens iemand anders in 'n regsaksie op te tree	C	likied
1.2.4	Die proses waarvolgens 'n vorige testament gekanselleer word	D	herroeping
1.2.5	'n Eis is van die hand gewys of verwerp deur die regter in 'n hof	E	'n erflating
1.2.6	'n Saak waarin een individu teen 'n ander individu betrokke is	F	uberrimae fides
1.2.7	'n Saak waarin die staat teen 'n individu betrokke is	G	absolusie
1.2.8	Plig om volgens die uiterste goeie trou op te tree	H	illikied
1.2.9	Die eis word in 'n gekombineerde dagvaarding gebruik	I	strafregaksie
1.2.10	Die presiese bedrag skuld wat skriftelik erken word	J	siviele aksie

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B:

Beantwoord slegs VYF vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Kandidaatprokureurs speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse regsprofessie en in die hele wêreld.

2.1.1 Noem die voorgeskrewe regskwalifikasie vir toelating as prokureur. (2 × 1) (2)

2.1.2 Verduidelik enige VYF pligte wat 'n prokureur tipies vir kliënte verrig. (5 × 2) (10)

2.2 'n Testateur is iemand wat 'n geldige testament maak. 'n Testament is die dokument op grond waarvan 'n oorledene sy of haar eiendom verdeel.

2.2.1 Wat noem mens iemand wat sonder 'n geldige testament sterf? (2 × 1) (2)

2.2.2 Wat gebeur met die boedel van die testateur wat sterf en geen bloedverwante nalaat nie? (2 × 1) (2)

2.3 Verduidelik die formaliteite uiteengesit in die Wet op Testamente en die gemenereg waaraan 'n testament moet voldoen ten einde geldig te wees. (7 × 2) (14)

[30]

VRAAG 3

Alle kliëntelêers in 'n prokureurskantoor moet ordelik en sistematies gestoor word om maklike toegang daartoe te verseker.

3.1 Noem SES liasseermetodes. (6 × 2) (12)

3.2 Wat verstaan jy onder die term *jurisdiksie?* (2 × 1) (2)

3.3 Noem DRIE faktore wat die jurisdiksie van die hof beïnvloed. (3 × 2) (6)

3.4 Onderskei 'n strafsaak van 'n siviele saak. (5 × 2) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Sedert die aanvaarding van die Grondwet is gewoontereg nie meer 'n belangrike bron van Suid-Afrikaanse reg nie.

4.1 In watter jaar is die Suid-Afrikaanse Grondwet aanvaar? (2 × 1) (2)

4.2 Verduidelik enige VIER vereistes waaraan voldoen moet word voor 'n gewoonte as reg kwalifiseer. (4 × 2) (8)

4.3 Om 'n vals eed te sweer, word as 'n strafregtelike misdryf beskou. Antwoord WAAR of ONWAAR. (2 × 1) (2)

4.4 'n Skriftelike verklaring onder eed wat voor 'n Kommissaris van Ede gemaak is, word 'n ... genoem. (2 × 1) (2)

4.5 Noem enige DRIE persone wat ingevolge hul amp as Kommissaris van Ede kwalifiseer. (3 × 2) (6)

4.6 Verduidelik die betekenis van die term *volmag* deur te verwys na TWEE tipes volmag. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

Die landdroshof is 'n hof van eerste instansie. Dit beteken dat sake in hierdie hof mag begin en dat dit geen bevoegdheid het om appèlsake aan te hoor nie.

5.1 Gee SES voorbeelde van sake waarin die landdroshof geen jurisdiksie het nie. (6 × 2) (12)

5.2 Dit gebeur soms dat 'n party by 'n saak rede het om beswaar te maak teen 'n dagvaarding of 'n pleitstuk. Dit word gedoen by wyse van 'kennisgewing van eksepsie'.

Verduidelik VYF moontlike eksepsies teen 'n dagvaarding ('exception of summons'). (5 × 2) (10)

5.3 Verduidelik hoe 'n 'samespannende ooreenkoms' verskil van 'n 'notariële ooreenkoms'. (4 × 2) (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

'n Eksekuteur is iemand wat deur die testateur benoem word om die instruksies in die testament uit te voer.

6.1 Noem VYF pligte van 'n eksekuteur. (5 × 2) (10)

6.2 Noem voorbeelde van persone wat nie as eksekuteur aangestel mag word nie. (5 × 2) (10)

6.3 Noem enige SES funksies van die prokureursorde van Suid-Afrika. (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 7

'n Aanmaning is gewoonlik die aanvanklike stap in 'n siviele gedingvoeringsproses. In hierdie aanmaning moet die applikant die bedrag uiteensit wat geëis word en die besonderhede van daardie eis.

7.1 Bespreek 'n aanmaning. (7 × 2) (14)

7.2 Die telefoon is 'n belangrike kommunikasiemiddel in die moderne wêreld.

Verduidelik kortliks die verskillende telefoonmaniere en -tegnieke wat 'n prokureurskantoor moet gebruik. (8 × 2) (16)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou